NUUSBRIEF
19

20 NOVEMBER
2025

MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY PRIMÊR

## BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.




## SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae




## TERREINPERSONEEL KERSFEESPROJEK

Help om die liggies op die Kersboom te laat skyn deur by te dra tot ons terreinpersoneel se Kersfeesfonds. Daar is geen verpligting om deel te neem nie, maar oorweeg dit asseblief om 'n skenking te maak om ons terreinpersoneel vir hulle harde werk te bedank, en hulle te help om 'n feestelike seisoen te hê. Die laaste dag om te skenk is Vrydag 21 November.



# DRINGENDE OPDATERING VAN OUER- EN LEERDERINLIGTING

Om te verseker dat ons die mees onlangse inligting vir u kind se veiligheid het, en vir die beplanning van komende gebeurtenisse, insluitend die graad 4- tot 7-kampe, versoek ons alle ouers om hul besonderhede vinnig in die Ed-Admin App te hersien en op te dateer. Hierdie belangrike inligting help ons om u in 'n noodgeval te bereik en voorsien personeel van kritieke mediese notas vir alle leerders.
Volg asseblief hierdie twee eenvoudige stappe om die opdatering te voltooi:

**Deel 1: Opdatering van gesondheidsrekord**
Dit verseker dat ons huidige mediese notas, allergieë, en noodkontakbesonderhede vir u kind het, wat veral krities is vir kampbywoning.

1. Meld aan op die Ed-Admin App.
2. Navigeer na die Parent Portal.
3. Klik op u kind se foto.
4. Kies Health Record en voltooi alle nodige opdaterings.

**Deel 2: Opdatering van persoonlike en kontakbesonderhede**
Dit verseker dat u primêre kontak, posadres, en noodkontakbesonderhede op datum is.


1. Bly binne die Parent Portal.
2. Op die hoofskerm, klik op My Profile.
3. Gaan asseblief die besonderhede in hierdie afdelings na en werk dit by:
   - Contact Information
   - Mail Address
   - Emergency Information
   - Other Information

U samewerking word hoog op prys gestel! Voltooi asseblief hierdie opdaterings so gou moontlik.



# MCP GRAAD 1-INSKRYWINGS (2027)

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir Graad 1 (2027) nou oop is. Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke in te dien. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak. Om aansoek te doen, besoek asseblief MCP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief die toelatingskantoor (Corrie Burger corrieb@midstreamcollege.co.za of 012 9409122).



# WATERKASKENADES


GEDURENDE SKOOLTYD - 1 DESEMBER 2025

SKOOL VERDAAG OM 12:00

KLEREDRAG
SEUNS
LO-klere
Skoolswembroek

DOGTERS
LO-klere
Skoolswembroek

- Bring jou eie handdoek!
- Smeer asseblief sonblok goed aan voordat jy skool toe kom en smeer gereeld weer sonblok deur die dag aan!
- Onthou jou skoolhoed en water!



# VISUMBRIEWE

Indien u ’n visumbrief vir u kind benodig, moet u daarop let dat dit minstens drie werksdae voor u visumafspraak by die skoolkantoor aangevra moet word. Dit is om te verseker dat die brief betyds verwerk, en deur die betrokke bestuurslid afgeteken word. Aangesien die skool vanaf 3 Desember 2025 tot 12 Januarie 2026 gesluit is, kan geen visumbriewe gedurende hierdie tyd verwerk word nie.




# WISKUNDE-HANDBOEKE

Soos in vorige jare, sal die Wiskunde-handboeke (Podium) direk by die uitgewers deur die skool bestel word. Hierdie reëling help om die middelman uit te skakel en koste laer te hou. Neem asseblief kennis dat hierdie handboeke nie by MC Primêre Boekwinkel bestel kan word nie. ’n Bedrag van R285,00 vir die graad 4- en 5-Wiskundehandboek sal op u Januarie 2026-staat gedebiteer word.

# AFRIKAANSLÊER

Jy het tans ’n 20-bladsy A4 FlipFile vir Afrikaans. Hou asseblief hierdie lêer met al die geel voorblaaie daarin. Ons gebruik dit vanaf graad 4 – 7. Jy is welkom om jou lêer te vervang, indien dit nie meer mooi is nie. Plaas net die geel voorblaaie in jou nuwe lêer.

# AFRIKAANSREDENAARS

Die ATKV-TEMAS vir 2026 is:

- Graad 1 – 3: Huis; Pleister; Geraas
- Graad 4 – 5: Koers; Kriewel; Sout
- Graad 6 – 7: Kies; Pronk; Rebelleer

# INSKRYF VIR NASKOOL 2026

Ouers wat in 2026 van die naskool gebruik wil maak moet asseblief nuwe inskrywingsvorms (kontrakte) teen 22 November voltooi, sodat getalle en klasse gefinaliseer kan word. Die huidige kontrak verval
3 Desember 2025. Die onderwysers by ons naskool sien uit daarna om u kind in 2026 te verwelkom. Enige navrae kan aan Louise Grobbelaar gerig word:
louiseg@midstreamcollege.co.za

NS. Naskool sal op 3 Desember 2025 om 10:00 vir die dag vir naskoolleerders begin, wanneer die skool vir die Desembervakansie sluit.

# KUNSSKRYFBEHOEFTES 2026

Ons wil ouers graag inlig dat die skryfbehoeftes vir Kuns vanaf 2026 effens verander en dat die kunspakket vir alle leerders verpligtend sal wees.

Om orde en netheid te verseker, vra ons asseblief dat u kennis neem van die volgende:

- Kunsmateriaal mag NIE in gewone pennehouers geplaas word nie.
- Alle items moet in hul oorspronklike verpakking bly en in die aangewese kunssakkie gebêre word.
- Kunsmateriaal word slegs vir kuns gebruik en nie vir enige ander vakke nie.

Hierdie reëlings help om verlore en deurmekaar items te voorkom en verseker dat elke leerder tydens kunslesse hul volledige materiaal beskikbaar het.



## BOEKBESTELLINGS VIR 2026 IS NOU OOP




## HANDIG BIBLIOTEEKBOEKE IN



# DIE UNIFORMWINKEL
# WINKELURE

| DESEMBER 2025 \| JANUARIE 2026 WINKELURE | |
|---|---|
| 3 Desember | 07:00 – 16:00 |
| 4 – 12 Desember | 08:00 – 16:00 |
| Saterdag 13 Desember | 09:00 – 13:00 |
| *Maandag 15 Desember* | *08:00 – 15:00* |
| *Maak asseblief 'n afspraak vir Saterdag en Maandag* | |
| 16 Desember – 4 Januarie | Closed |
| 5 – 9 Januarie | 08:00 – 16:00 |
| Saterdag 10 Januarie<br>*Maak asseblief 'n afspraak vir Saterdag* | 09:00 – 13:00 |
| 12 – 13 Januarie | 08:00 – 17:00 |
| 14 Januarie | 07:00 – 17:00 |
| Vir dringende versoeke, WhatsApp of Skakel 064 937 0551 | |

# TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die vorige dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 09:00 die bestellings by die graad 1- tot 3-leerders se klaskamers af. Die graad 4- tot 7-leerders kom haal vanaf 10:00 hulle bestellings self by Tuck In.

